
GELOOF
In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons



FAITH
In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt

POSBUS 112, STANGER, 4450 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

volheid van blydskap

Daar is niks wat die Here meer behaag, as `n hart wat oorloop van blydskap en dankbaarheid. Ongelukkig behoort daar baie meer Christen harte te wees wat van vreugde oorloop. Ons tel ons seëninge daagliks en dank God vir Sy goedheid, liefde en genade, maar ons behoort ook ons blydskap en waardering te betoon! Die Bybel spoor gelowiges aan om IN alles dankbaar te wees (1Thes. 5:16-18). Let asb. daarop; nie VIR alles nie! Ons dank God nie vir die aanvalle van die vyand nie, maar ten spyte daarvan! God sien ons geloof en vertroue in Hom, wanneer ons Hom dank ongeag ons omstandighede. Die gees van danksegging sal ons laat juig op die walle van die Rooi See, omdat ons weet dat God `n weg vir ons sal vind om deur te gaan! `n Dankbare gees sal veroorsaak dat ons na die vuur oond sal kyk en sê, " Ons God is by magte om ons te red van verbranding." `n Dankbare gees sal veroorsaak dat ons verklaar, "met God is niks onmoontlik nie," selfs wanneer ons `n dor tydperk in ons lewe ervaar. Ons kan harte vol dankbaarheid hê, terwyl ons die "onmoontlike" in ons lewens verduur "omdat Hy wat in ons is, groter is as hy wat in die wêreld is" (I Joh. 4:4).



"... `n Hart vol dankbaarheid verskaf nie net vreugde aan ons Vader se hart nie, maar dit gee ook aan ons `n spesiale vreugde en krag..."

`n Hart vol dankbaarheid verskaf nie net vreugde aan ons Vader se hart nie, maar dit gee ook aan ons `n spesiale vreugde en krag. `n Vreugde wat ons hardop wil laat uitroep. Nadat die Israeliete sewe keer om die mure van Jerigo geloop het, het hulle tot die Here met stemme van oorwinning geskreeu en die mure het ineengestort. Ons geloof, is `n geloof wat uitskreeu. In ons lewens is daar ook Jerigos, ommuurde stede van die vyand, wat net sal omval as ons, ons stemme tot God verhef in `n oorwinningskreet en sodoende Sy mag vrystel. Dit is maklik om `n kreet aan te hef nadat God die wonderwerk in jou lewe gedoen het, maar ons as gelowiges behoort in geloof en danksegging uit te roep vir wat God nog gaan doen. Jesaja het die Israeliete, in Jes. 12:6 aangemoedig om te juig en te jubel, o inwoners van Sion! Want die Heilige van Israel is groot in julle midde. In Ps. 32:11 moedig Dawid ons aan om te jubel en te juig. Wanneer ek lering oor lofprysing en aanbidding gee, gebruik ek dikwels die voorbeeld van rugby entoesiaste wat hande klap en skreeu om hul waardering teenoor hul helde op die rugbyveld te toon. Hulle kan nie hul entoesiasme en blydskap beheer, wanneer hul span goeie spel lewer nie en druk dit met groot blydskap en gejuig uit. Ons vind egter dat gelowiges nie, soos

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Volheid van Blydskap)
dit behoort te wees, dieselfde entoesiasme toon wanneer dit by die dinge van Vader God kom nie. Ons wat in die opgestane Verlosser glo, het baie meer rede om vir die Koning van die konings en die Heer van die Here te skreeu en `n oorverdowende lofprysing aan te bied vir die Oorwinnaar van Golgota, met liggaam, siel en gees.

Voordat ons enige ware vreugde kan hê, moet ons die wil van die God wat ons dien, ken. Om Vader God die skuld te gee vir wat ons nie het nie, is om God daarvan te beskuldig, dat Hy nie kan voorsien nie. Om God te beskuldig vir ons stand in die lewe en wat met ons gebeur het, is om Hom te beskuldig van `n gebrek aan leiding en rigting. Jesus is deur Vader God gestuur om aan ons lewe in oorvloed te gee en dit tot in ewigheid (Joh. 10:10). Jesus het die Heilige Gees gestuur om ons in alle waarheid te lei. Hieroor kan ons beslis bly en vol vreugde wees. Ons lees in Ps. 100:2-4: "Dien die Here met blydskap; kom voor Sy aangesig met gejubel. Erken dat die Here God is: Hy het ons gemaak, en ons is syne, sy volk en die skape van sy weide. Gaan sy poorte in met lof, sy voorhowe met lofgesang; loof Hom, prys sy Naam." Dit is baie maklik om dankbaar te wees, as dit met alles in ons lewens goed gaan. God verwag egter van ons, wat deur geloof lewe en God vertrou om Sy doel en planne in ons lewens te vervul, om ons te verbly ongeag die omstandighede, wetende dat Hy net die beste belange in Sy hart vir ons het, asook Sy Goddelike oplossing en uitweg vir die probleem. Al wat ons moet doen, is om Hom te vertrou en aan Hom gehoorsaam te wees.

Ons lees in Jak. 1:2-4: "Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val, omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk. Maar die lydsaamheid moet tot volle verwerkliking kom, sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees en in niks kortkom nie."

Vreugde en blydskap is die gevolg van `n hart van dankbaarheid. Ons moet God dank vir die gawe van lewe, deur `n lewe van oorwinning. Gees vervulde mense, is dankbare mense. Indien ons nie in alle omstandighede dankbaar is nie, word ons deur die wêreld, die vlees en die duiwel beheer. Daar is niks aakliger as ondankbaarheid en `n gees van selfbejammering en murmurering nie. Die woorde, "waarom het God toegelaat dat dit met my gebeur?," toon selfbejammering en geen kennis van God se liefde vir jou en Sy begeerte vir jou lewe nie. Neem `n harts besluit om dadelik ontslae te raak van alle selfbejammering en vervang dit met `n gees van dankbaarheid en vreugde. Dit is jou keuse om van houding te verander. In Heb.12:2 word ons aangesê om: "die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het." Jy kan blydskap hê ongeag hoe skrikwekkend die omstandighede ookal mag wees, omdat jy weet dat wat ookal voorlê, God die oplossing het. Toe Jesus na die kruis gegaan het, het Hy verby dit gekyk na die vervulling van Sy Vader se wonderlike verlossingsplan en redding van die mens. Hy het geweet dat Sy toekomstige Bruid (die wat Hom as Verlosser ontvang), staat gemaak het op Sy besluit om deur die lyding, wat Hy moes ondervind, te gaan, sodat Hy kon sê, "DIT IS VOLBRING!" Onthou altyd dat `n opstanding na `n dood volg en daarom kan ons vreugde hê, te midde van "dood", wetende dat die "opstanding" sal volg. Nadat Paulus gestenig was met gebreekte bene en onbeskryflike wonde, het hy nie gemurmureer of teen Vader God gekla nie, maar gebid dat God hom meer sou seën om die Evangelie meer vrymoedig uit te dra, en so 2/3 van die Nuwe Testament geskryf.


"...Vreugde en blydskap is die gevolg van `n hart van dankbaarheid. Ons moet God dank vir die gawe van lewe, deur `n lewe van oorwinning. Gees vervulde mense, is dankbare mense...."

Ef. 5:18-20 vermaan ons: "Moenie dronk word van wyn nie – daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul. Spreek onder mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere; en sing en psalmsing in julle hart tot eer van die Here, terwyl julle God die Vader altyd vir alles dank in die Naam van onse Here Jesus Christus." As ons sing maak ons God bly en daarom het Hy aan ons die vermoë gegee om vir Hom te sing. Dit maak vir Hom nie saak of ons nootvas is of slegs `n vreugdevolle geraas aan Hom bring nie. Hy verbly Hom altyd in die lof wat uit `n hart vol dankbaarheid voortkom. Wanneer ons in

(Vervolg op Bl. 6)

A MORE SURE WORD OF PROPHECY

2 Peter 1:19



In today's court an eye wit ness' account is the most acceptable evidence! It is considered concrete evidence! However, Peter tells us in 2 Peter 1 verse 16 that although he and the other disciples were witnesses of the majesty of t on the Mount of Transfiguration, proving without doubt the truth of God's Word and His promises, there remains an even greater witness, and even greater proof, and that is God's prophetic Word which He tells us we should take heed of, because it is as a light that shines in a dark place. (verse 19). Peter goes on to say in verses 20 and 21 that God's prophecy in Scripture never came by the will of man, but directly from the Holy Spirit. God tells us, I am telling you now so that when it happens, you will know that I am God.

Our proof that the Bible is the only true Word of the only True God, the God of Abraham, Isaac and Jacob and is forever established, is it's uniqueness! It is unique in that one fourth of it was prophetic at the time it was written, and so many prophecies have come to pass already just exactly as prophesied. These prophecies are divinely inspired by God, and their fulfillment serve as proof that our God exists and that His Word is true. None of the other religions (eg. Islam, Buddhist, Hindu etc) have any prophecies contained in their so-called "holy" books. They are totally silent about the future, because only the God of the Bible can see the future. The God of the Bible has proved without any shadow of doubt that He alone is God, because no other religion can claim to have had it's "god" prophecy any future events that have come to pass. Jesus said in John 14 verse 6: **I am the way, the truth, and the life. No one comes to the Father except through me.** This proves that Buddha, Allah, Krishna etc. are not just other names for the same God, as the New Age propagators would have us believe. The God we serve is the Father of our Lord Jesus Christ, Who is the only way to Eternal Life.

Through prophecy God reveals His authority, His power and wisdom. He reveals His purposes and therefore we who serve Him can have total peace because we know that Father God is in charge, and we do not have to fear, because He never changes. We read in Hebrews 13 verse 8: **Jesus Christ is the same yesterday, today and forever"** and in Malachai 3 verse 6: **For I am the Lord, I do not change.**

Father God used prophecy to paint the picture of the birth, the life, the ministry and the death of Jesus in every detail. This prophetic illustration and it's fulfillment in the life of Christ is overwhelming evidence that prophecy is both absolutely accurate and that the Bible is the Divinely inspired Word of God.

The Seed of a Women - prophecy Genesis 3:15
…… Fulfilled Galations 4:4.
The Seed of Abraham – prophecy Genesis 12:3
…….. Fulfilled Galations 3:8 and Matthew 1:1.
Born of David's family – prophecy 2 Samuel 7:12-16; Psalms 89:3-4; 110:1; 132:11; Isaiah 9:6
…….. Fulfilled Matthew 22:44; Mark 12:36; Luke 1:69-70; 20:42-44; John 7:42.

gin – proph-

*"Our proof that the **Bible is the only true Word of the only True God**, the God of Abraham, Isaac and Jacob and is forever established, is it's uniqueness! It is unique in that one fourth of it was prophetic at the time it was written, and so many prophecies have come to pass already just exactly as prophesied."*

ecy Isaiah 7:14
……. Fulfilled Matthew 1:23
His name shall be Emmanuel – prophecy Isaiah 7:14
……. Fulfilled Matthew 1:23
From the Tribe of Juda – prophecy Genesis 49:10
…… Fulfilled Luke 3:33
Flight to Egypt – Hosea 11:1
…. Fulfilled Matthew 2:14-15
He would live in Galilee – Isaiah 9:1-2
…… Fulfilled Matthew 4:15
His coming would be announced by an Elijah-like herald – Isaiah 40:3-5; Malachi 3:1; 4:5.
…… Fulfilled Matthew 3:3; 11:10-14; Mark 1:2-3; Luke 3:4-6; 7:27; John 1:23.
His coming would occasion massacre of Bethlehem's children – Genesis 35:19-20; 48:7; Jeremiah 31:5
….. Fulfilled Matthew 2:18.
He would proclaim a jubilee to the world – Isaiah 58:6; 61:1
……. Fulfilled Luke 4:18-19
His mission would include Gentiles – Isaiah 42:1-4
…….. Fulfilled Matthew 12:18-21
His ministry would be one of healing – Psalm 78:2; Isaiah 6:9-10
…….. Fulfilled Matthew 13:14-15
He would be disbelieved and rejected by the rulers – Psalm 69:4
……. Fulfilled Matthew 15:8-9; 21:42; Mark 7:6; 12:10-11; Luke 20:17; John 12:38-40

(Continued on page 4)

(Continued from page 3)

He would make a triumphal entry into Jerusalem – Psalm 118:26; Isaiah 62:11; Zechariah 9:9
…… Fulfilled Matthew 21:5; John 12:13-15.
He would be like a smitten shepherd – Zechariah 13:7
…….. Fulfilled Matthew 26:3; Mark 14:27
He would be betrayed by a friend for 30 pieces of silver – Psalm 41:9; Zechariah 11:12-13
…… Fulfilled Matthew 27:9-10; John 13:18
He would die with malefactors - Isaiah 53:9, 12
…….. Fulfilled Luke 22:37

He would be buried by a rich man - Isaiah 53:9
…… Fulfilled Matthew 27:57-60
He would be given vinegar and gall – Psalm 69:21
…. Fulfilled Matthew 27:34; John 19:29
Men would cast lost for His garments – Psalm 22:18
….. Fulfilled John 19:24
Even His dying words were foretold – Psalms 22:1; 31:5
……. Fulfilled Matthew 27:46; Mark 15:34; Luke 23:46
Not a bone in His body would be broken – Exodus 12:46; Numbers 9:12
…… Fulfilled Psalm 34:20; John 19:36
His side would be pierced – Psalm 22:16; Zechariah 12:10
……. Fulfilled John 19:37
He would rise from the dead on the third day
……. Fulfilled Matthew 12:40; Luke 24:46
His rejection would be followed by the destruction of Jerusalem and great tribulation – Daniel 9:27; 11:31; 12:1,11
….. Fulfilled Matthew 24:14; Mark 13:14; Luke 21:20

It is interesting to note that Isaiah's prophecies were made 750 years before the birth of Christ, and the prophecies of the psalmist, a thousand years before His birth. This alone proves the truth and the infallibility of God's Word. It is this proof of reliability in the fulfillment of God's prophetic Word that gives us the assurance that God is in control. We can have complete trust in Him because He knows the beginning to eternity and has shared this knowledge with us in His Word. Jesus was with Him from the beginning, and He is eternal, therefore His Word is sure, forever established and just as eternal as He is. Jesus tells us in Matthew 24:35: **Heaven and earth will pass away, but My words will by no means pass away.** We are warned by God in the bible not to add to or subtract anything from His Word. We are busy experiencing many of God's prophecies coming to pass for the end time. Many of these prophecies warn us to be prepared for what is about to take place before the coming of Jesus, however they are there not to bring fear to our hearts, but to assure us that He is in control. As we watch the news casts and read the shocking headlines of a world racing to nuclear holocaust and the Battle of Armageddon, we are comforted by the prophetic scripture, which confirms that every event is transpiring by God's design. Because we know the God whom we serve, His love, His provision, His protection and His fore knowledge, we do not have to fear, because He who spoke it will surely bring it to pass. And He who warned us through prophecy before hand is supremely able to keep us safe as His eternal plan unfolds. I conclude with the words spoken by Jesus**: Now I tell you before it comes, that when it does come to pass, you may believe that I am He.** (God). **And now I have told you before it comes, that when it does come to pass, you may believe.** (John 13 verse 19 and John 14 verse 29) Although Peter, personally could testify to the Living glorified Christ, let us remember the importance of his words in 2 Peter 1 verse 19:

We also have the prophetic word which is even more sure than this, which you do well to heed as a light that shines in a dark place, until the day dawns and the morning star rises in your hearts. a

"...It is interesting to note that Isaiah's prophecies were made 750 years before the birth of Christ, and the prophecies of the psalmist, a thousand years before His birth. This alone proves the truth and the infallibility of God's Word. It is this proof of reliability in the fulfillment of God's prophetic Word that gives us the assurance that God is in control…"

Spesiale GENESINGSDIENSTE by die Christelike Sentrum op die volgende Vrydae:

10 Desember 2004

Genesingsdienste begin om 8.30vm.
Vir onvoorsiene kansellasies, skakel ons asseblief vir bevestiging van dienste op bogenoemde datums. Verstrek ook asseblief u naam en telefoonnommer ingeval dit nodig is dat ons u moet kontak om ander reëlings te tref.

UIT ONS POSSAK

Baie dankie vir julle briewe, dit sterk en seën ons. Ons het julle foto's baie waardeer. Jesus het Leon gesond gemaak van kolon kanker. Ons het baie gebid en Hy het ons verhoor. Baie liefde in Jesus Christus.

Mnr en Mev L Coetzee, Rustenburg

Eerstens wil ek u hartlik bedank vir my maandblaadjie getuienisse van wonderwerke deur ons Hemelse Vader, maak my al sterker in God se geloof. Ek kan nie wag om elke maand die pos te ontvang nie. Maar eers wil ek getuig van die wonderlike genesing van my soolvrat. Ek het onuithoubare en pynlike las vir meer as agt maande gehad, waarvan ons huisdokter my voet gesny het, en my gewaarborg het dat dit die einde van die soolvrat gaan wees. In plaas daarvan dat dit moes genees, het dit so erg geword en op die ou einde sit ek toe met drie soolvratte in dieselfde voet. Ek het vir voorbidding gevra, asook gebel en met Joey gepraat. Ongeveer drie weke daarna was die pyn en ongemak skielik weg. Ek het die middag gaan bad, en tot my grootste blydskap, ontdek ek die soolvratte het verdwyn. Daar was geen pyn of seer meer nie, 'n wonderbaarlike dankbaarheid het my hele liggaam deurspoel. 'n Dankbaarheid teenoor ons Hemelse Vader vir so 'n wonderlike genesing. Baie dankie dr. James en u span vir die liefde en voorbidding vir my en my gesin, sowel as die gebede reg oor die hele wêreld. God seën julle vir die lieflike werk wat julle hier op die aarde verrig. Baie liefde groete.

Mev M Mouton, Rustenburg Oord

Ek wil tog net baie dankie sê vir julle gebede wat uit gegaan het vir my seun Gregorius, wat verslaaf was aan dwelms. Ek het so vyf jaar gelede die sentrum geskakel vir gebede vir hom en die Here het wonderlik gewerk, ek is so dankbaar en bly vir dit wat die Here deur julle gebede gedoen het. Hy is wonderbaarlik genees van sy verslawing. Ek kan die Here nie genoeg dank vir wat Hy gedoen het nie. Hy is nog wel maer, omdat die dwelms sy liggaam verniel het, maar ek dank die Here hy is verlos van die verslawing en hy is gesond. Baie, baie dankie!! Gods rykste seën.

Mev K Bezuidenhout, Augrabies

Ek groet u in die wonderlike Naam van ons Here Jesus Christus. Ek wil u graag 'n getuienis gee as gevolg van u blaadjie wat ek gereeld ontvang. Aan die einde Februarie kom 'n Mnr David en sy eggenoot wie ook hier woon. Hy sê toe vir my dat dit nie met hom goed gaan nie, en dat hy prostaat kanker het. Ek het vir hom gesê dat die Here kan hom genees in die Groot Naam van Jesus. Julle het vir hom gebid. Die einde April, kom hy na my en sê: "Baie dankie dat julle vir my gebid het, ek is volkome genees." Ek wil die Here al die eer gee!! Mag Hy u seën en nog lank spaar vir Sy werk.

Mev H W Bierman, Allen Grove

Baie dankie vir al die gebede. Die Here het my onmiddellik genees na u vir my gebid het. Desember 2001 het my regter voet onmiddellik aangegroei en Julie 2003 het ek die volle gebruik van my linker skouer en arm gekry na die Heer my aangeraak het. Ons loof en prys ons Here se grote naam. Liefde in Jesus. Baie dankie.

Mev M Rossouw, Sinoville

In die 90's het ek en my suster my bejaarde moeder, wie doof was, na George geneem. Ek sal dit nooit vergeet nie, Dr James sy het Altzheimer siekte gehad. Nadat u vir haar gebid het, het sy met die terugreis na Hermanus, telkemale vir my en my suster gesê ons moet nie so hard praat nie. Prys die Here, toe kon sy die laaste paar jaar weer hoor! Die Here is vir my so goed dat ons paaie kon kruis. Toe ek 'n week of twee gelede skielik pyn kry in my lae rug wat afkom in my lyf en been, het ek hande op gelê en later Joey gebel dat julle kan bid, die Here het my wonderbaarlik aangeraak! Baie dankie Dr James, Meg en gebedspan.
Rosemary omtrent 52 jaar, by wie kanker gediagnoseer was, alle wys skoon, sy is oorstelp van blydskap. Sy is ook 'n pragtige kind van die Here wat geglo het aan gebed. Baie, baie dankie, ons almal is saam met haar so bly! Groete in Christus.

Mev H Smuts, Hermanus

Grace and peace from our Lord Jesus Christ. I promised to offer a thanks offering ot my Lord as He is my Jehova Rapha. All glory to His great name. He heard our cries when a deadly disease all those past years. You started praying together with me since 1999. I am healed, I have no pain, and no disease within my body. Hallelujah!!

Mrs K Namutenhya, Namibia

Ek het 'n rukkie gelede aan u geskryf en gevra dat u vir my kleindogter moet bid. Sy kon nie praat, maar dank aan onse Vader sy het pragtig begin praat. Ek wil u net hartlik bedank vir die goeie werk wat gedoen word by die sentrum. Ek glo dit is 'n groot wonderwerk. God sal u seën.

Mev M Boje, Pretoria

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Volhaid van Blydskap)
aanbidding sing, word die siel voorberei om God se Woord te hoor en te ontvang. In Ps. 92:2 sê God: " Dit is goed om die Here te loof en tot eer van U Naam te psalmsing, o Allerhoogste." Die Christendom het met `n lied begin. Toe die engel die geboorte van Jesus in die stal in Betlehem, aan die herders, wat oor hul kuddes waggehou het, verkondig het, lees ons in Luk. 2:13-14: "En skielik was daar `n menigte van die hemelse leërskare wat God prys en sê: Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde, in die mense `n welbehae!"

In die Bybel is sang gebruik in tye van oorwinning. Moses het `n oorwinningslied gesing nadat God Farao se strydwaens in die Rooi See begrawe het (Ex.15:1). Josefat het, toe hy deur drie oorweldigende vyandige magte omring was, die koor vooraan gestuur na die aanvals magte, om vir die Here te sing (2 Kron. 20:21). Stel jou voor hoe die vyand gelag het. Die lofsange het egter die engele van God vrygestel, wat die vyande aangeval en oorwin het. Die magte van die duisternis word vernietig deur met oortuiging en geloof te sing. Dit is `n magtige geestelike wapen. Dawid het geskryf, "Laat die gunsgenote juig in heerlikheid; laat hulle jubel op hul bedde. Lofverheffinge van God is in hulle keel, en `n tweesnydende sward in hulle hand" (Ps.149:5 – 6).

Wanneer ons oorwinningsliedere sing, is ons in werklikheid besig met geestelike oorlogvoering, wat veroorsaak dat elke demoon wegvlug! Na die Nagmaal, voordat hulle na die Olyfberg gegaan het, het die dissipels saam met Jesus `n lied gesing (Mat. 26:30). Die sang het Jesus se hart versterk vir die lyding en kruisiging wat Hy moes deurmaak. Paulus en Silas kon nog nadat hulle geslaan en in die tronk gegooi is, lofliedere tot God sing. God het hulle gehoor en `n aardbewing het die tronkdeure geopen. Paulus en Silas het uit daardie tronk gestap en hul bewaarder en sy gesin is gered. Geloof, gevul met vreugdevolle sang beweeg die Hand van God (Hand. 16:25).

Een vrug van die Heilige Gees is blydskap. In die Bybel staan dat die blydskap in die Here ons krag is. Dit is dus noodsaaklik om hierdie blydskap te behou, ongeag van ons omstandigheid. Jesus het ons vermaan om vol blydskap te wees. Hy het gesê: " hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin" (Joh.16:33). "hou goeie moed, jou sondes is jou vergewe" (Mat. 9:2). " Hou goeie moed, dit is Ek! Moenie vrees nie" (Mat. 14:27). Dit is nodig dat ons harte van dankbaarheid, gevul met vreugde sal hê en om ook vol moed te wees, want dit is nie net vir God welgevallig nie, maar is ons krag en beskerming terwyl ons op die aarde is. Dit is `n demonstrasie van ons geloof in aksie, ons vertroue in die God wie ons dien.

Dankbaarheid is noodsaaklik om ander gebeds vorme effektief te maak. "Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking MET DANKSEGGING bekend word by God. En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus" (Fil.4:6,7). Sonder danksegging luister God nie na ons gebede nie. Ons gebedstyd moet met danksegging begin. Paulus het geskryf: " In die eerste plek dank ek my God deur Jesus Christus oor julle almal dat julle geloof verkondig word in die hele wêreld" (Rom.1:8). God het nie veel tyd vir klaers, murmureerders en die wat Sy wil, gesag en vermoë bevraagteken. Wanneer laas het jy uit dankbaarheid uitgeskreeu, omdat God die begeerte van jou hart beantwoord het? Wanneer laas het jy die Here met blydskap gedien? Wanneer laas het jy Sy poorte met blydskap ingegaan? Neem `n ernstige besluit om `n geesvervulde verhouding met Christus te hê en begin dit met `n danklied. " Want die Here is goed; sy goedertierenheid is tot in ewigheid, en sy trou van geslag tot geslag" (Ps.100:5). Kom ons gebruik ons stemme 'n uitsluitlike gawe van Vader God aan die mens, sodat ons Hom met harte vol vreugde kan loof en eendag sal ons God se NUUTSTE LIED, soos in Openb.14:3 beskryf word, hoor : " En hulle het `n nuwe lied gesing voor die troon en voor die vier lewende wesens en die ouderlinge; en niemand kon die lied leer nie, behalwe die honderd-vier-en-veertigduisend wat van die aarde vrygekoop is." Wat `n lied sal dit nie wees nie! Stel jou voor jy hoor vir die eerste keer, God se nuwe lied, wat die ewige heerskappy van Christus as die Koning sal inlei. Ons sal dit beslis, soos nooit tevore, met die grootste dankbaarheid en vreugde sing. F

"..Een vrug van die Heilige Gees is blydskap. In die Bybel staan dat die blydskap in die Here ons krag is. Dit is dus noodsaaklik om hierdie blydskap te behou, ongeag van ons omstandigheid. .."

SPESIALE WOORD VAN DANK

Vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.

Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

As u nie 'n erkenning op u brief of bestelling binne vier of vyf weke kry nie, dan moet u ons asseblief laat weet, weens die onbetroubare posdiens Elke brief wat ons ontvang, word beantwoord.

The heart is the happiest when it beats for others

§

Greater love hath man than this, that a man lay down his life for his friends



ONS NUWE BOEK

Die belangrikheid van hierdie onderwerp kan nooit onderskat word nie. Dit handel oor iets wat baie na aan God se hart is, want Vader God het Sy Seun, Jesus na die wêreld gestuur om die hoogste prys te betaal sodat ek en jy Sy vergifnis kan ontvang. Vergifnis bly een van God se belangrikste prioriteite, en hierdie boek verduidelik hoekom. Dit is verkrygbaar vanaf die sentrum in Afrikaans en Engels, teen die prys van R4 elk, en is deel van ons mosterdsaad reeks.

M64 – Die Krag van vergifnis

uit dr james se kantoor

Ek kan dit skaars glo dat dit die laaste "Uit Dr James se kantoor" is vir hierdie jaar. Hierdie jaar het waarlik verby gevlieg en ek voel altyd dat ons die tyd moet delg omdat die dae waarin ons leef waarlik die laaste van die laaste dae is. 2004 was 'n baie produktiewe jaar vir die Sentrum gewees. Die Here het ons wonderlik geseën met Sy liefde, beskerming, openbaring van Sy Woord en voorsiening. Weereens wil almal hier by die Sentrum elkeen van julle bedank vir die seëninge waarmee julle ons lewens verryk het. Baie dankie vir al julle oproepe, briewe, getuienisse, gebede, aanmoediging, liefde en finansiële ondersteuning. Ons gee voortdurend alle dank en eer aan ons Hemelse Vader vir julle gehoorsaamheid om gewillige kanale van Sy voorsiening te wees deur om te bid en vrywillig te gee. Mag julle oorvloedige seën ontvang vir alles wat julle gedoen het tot die eer van die Here hierdie afgelope jaar sodat die Woord van Waarheid duisende kosbare siele kon bereik.

Dit is alleen die Woord van God wat Red, Vrymaak en Genees, soos God se Heilige Gees dit volbring in die Naam van Jesus in die lewens van diè wat op Hom vertrou. Die wins van julle aandeel om ons by te staan en wat dit vir ons moontlik maak, wag vir julle in die Hemel en is van Ewige Waarde. Baie dankie vir julle gebede wat ons gedurende 2004 gedra het. Baie kosbare siele is gewen vir die koninkryk van ons Hemelse Vader, soveel mense is verlos van die onderdrukking van die vyand en ons juig oor die vele liggame wat genees is en siele wat gered was. Alle eer aan ons Hemelse Vader en ons Here Jesus wat dit alles moontlik gemaak het deur Sy Kruisdood. Ons Vader is getrou en regverdig en ons kan nie begin om die dankbaarheid wat in ons harte is teenoor Hom, uitspreek nie, dit is te groot, te veel en oorweldigend. Dankie Here!!

Ons as gelowiges leef in 'n baie opwindende tydperk waarin baie Bybelse profesieë voor ons oë tot vervulling kom. By diè tyd sal ons lesers al weet dat die Here se Woord gebaseer is op profesieë – nl. tussen 5 en 6 duisend van hulle. Die Here sê 3000 jaar gelede, "Ek vertel julle nou, sodat wanneer dit gebeur, weet julle dat Ek God is." Verder sê Hy. "Sal Ek dit sê en dit nie doen nie?" Dit is asof 'n mens die Sondag koerant lees wanneer jy kyk hoe die profesieë nog steeds in detail verwesenlik word. In die lig hiervan, vertrou ons dat die belangrikheid van die artikel in hierdie maand se nuusbrief, "A More Sure Word of Prophecy", 'n werklikheid vir u sal word.

Ons vertrou dat die eksamen uitslae bo alle verwagtinge sal wees want ons het ernstig vir al die skoliere en studente gebid. En ons loof en prys die Here vir die wonderlike tyd van rus en vakansie wat vir almal voorlê. Ons bid vir die Here se beskerming en dat elkeen tydens hierdie vakansie geseënd sal wees. Wie weet, volgende jaar kan die jaar van die wederkoms van die Here wees?

Hou julle oë na die Hemele gerig!!
Wees geseënd!
Met baie liefde in Jesus

Dr James

HOW TO PLACE AN ORDER:
Please indicate the books you require by marking the block next to the title. Then either deposit the amount directly into the banking account (and fax deposit slip and order), or send a crossed cheque or postal order together with your order to us. **NB: PLEASE INDICATE YOUR INITIAL, SURNAME AND TOWN IN THE "REFERENCE" SECTION ON THE DEPOSIT SLIP**

English Books-R4.00

☐ 46 The Accuracy of the Quran?
☐ 55 Christianity or Islam:You decide
☐ M17 What on earth is this Kingdom Theology
☐ M18 Who is part of the Anti-Christ?
☐ M22 Is it right to Judge?
☐ M24 What's the world coming to?
☐ M28 How should a Christian Pray?
☐ M31 Deception in the Name of the Holy Spirit
☐ M32 From the Garden to the Cross
☐ M37 The Dangers of Martial Art
☐ M40 Jesus was not in hell
☐ M44 Prayer and Fasting
☐ M45 Easter and Christmas
☐M47 The Name of our God
☐M50 Charismatic Witchcraft
☐M52 The laughing spirit explained
☐M53 The Real Christian Church and the Misled Christian Church
☐ M56 Victory over the devils attacks
☐ M57 Healing and the Occult
☐ M58 Why must I be Born Again
☐ M59 Is Divine Healing For All
☐M60 How Great is your God
☐M61 Faith as a Mustardseed
M62 What does God expect of the family
☐M65 The Power of Forgiveness

English books-R8.00

☐16 God's will for the Healing
☐ 30 Restoration of Praise
☐ 31 Experience the Holy Spirit
☐ 32 Lord's Table and Healing
☐ 33 Baptism and Tradition
☐ 34 God desires to Heal you
☐ 35 Free from fear
☐ 37 The Church en route to perfection
☐ 40 Know your enemy
☐ 41 Testimonies – Vol. One
☐ 43 A Successful Marriage
☐ 49 Error after Revival
☐ 58 Jesus shows the way to Heaven
☐61 What does God demand
☐62 How to bury the past

Tapes-Dr JJ van Zyl—R10.00ea

☐A6 So send I you
☐ A7 Knowing the Will of God
☐ A8 How to receive your Healing
☐ A11 Healed by the Stripes of Jesus
☐ A12 Ministering to the Sick
☐ A13 Only Believe
☐ A15 The Lord's Table and Healing
☐ A16 How to Pray to get results
☐ A18 Beware of Job-comforters
☐ A19 Testimony of Dr. van Zyl
☐ A20 Biblical Faith
☐ A22 The Power of God
☐A25 The Faithfulness of the Father
☐A28 He is Risen
☐A30 Healing through the Cross
☐A33 Holy Cows of religion
☐A34 The Unlimited power of God's Word
☐A38 Fellowship with Christ in Communion—Tape 1
☐A39 Fellowship with Christ in Communion—Tape 2

Tapes-Various Speakers—R10

☐ D1 The Catholic Church-Dr. Wilson
☐ D7 The Accuracy of the Quran?
☐ D28 Smokescreens
☐ D29 Christianity in Crisis1-H.Hanegraaff
☐D30 Christianity in Crisis2-HHanegraaff
☐D32 God's Promise -Restoration (D.Gericke)
☐D35 Overcoming Fear - Meg van Zyl
☐D36 Freed from Fear - Meg van Zyl
☐D38 The Presence of God – DGericke
☐D42 Heart Pleasing to God - (D.Gericke)
☐D46 Be strong and courageous - (D. Gericke)

BANK DETAILS
Stanger Christian Centre
First National Bank,
Acc No. 53730091667,
Branch code: 220129
Branch: Stanger
Fax no (032) 552 5411

HOE OM TE BESTEL:
Dui asseblief aan die hoeveelheid boekies wat u graag wil bestel in die blokkies langs die titel. Deponeer die bedrag in ons bankrekening en faks/pos die strokie saam met die lys van u bestelling—of stuur 'n gekruiste tjek of poswissel aan ons. **LW: DUI ASSEBLIEF U VOORLETTERS, VAN EN DORP/VOORSTAD IN DIE "VERWYSINGS" SPASIE OP DIE DEPOSITO STROKIE**

Afrikaans Boeke-R8.00 elk

☐ 3-God wil jou genees
☐ 5-Die Tweesnydende Swaard
☐ 6-Oorwinnaarstaal
☐ 7-Ken jou Vyand
☐ 8-Innerlike Genesing
☐ 9-Bybelse antwoorde oor Genesing
☐ 10-Ondervind die Heilige Gees
☐ 11-God se Wil oor siekte
☐ 12-Die Christen en Job
☐13-God eis 'n Heilige Lewe
☐ 14-Vry van Vrees
☐ 15 -Verloor gewig volgens God se Instruksies.
☐ 17-Geloofsbrood vir die Somer
☐ 18-Geloofsbrood vir die Herfs
☐ 19-Waarom sommige nie Genees word nie
☐ 20-Geloofsbrood vir die Winter
☐ 21-Geloofsbrood vir die Lente
☐ 22-Soldaat wees vir Jesus
☐ 23-Laat dieWoord lewe (Bybelstudie bk 1)
☐ 24-Slaankrag in Lofprysinge
☐ 25-Kerk oppad na Volmaaktheid
☐ 26-Die Nagmaal en Genesing
☐ 27-Die Doop en Tradisie
☐ 29-Wat moet ons doen Broeders
☐ 36-'n Suksesvolle Huwelik
☐ 38-Getuinesse – Vol Een
☐ 39-Getuinesse – Vol twee
☐ 42-Getuinesse – Vol Drie
☐ 44-Die Karakter van God
☐ 45-Die Groot Verleier
☐ 47-WaaromBybel- Enigste Woord
☐ 51-Die Feestye van die Here
☐ 52-Die Wederkoms van Christus in Daniel
☐ 57-Jesus Wys die Pad na die Hemel
☐ 59-God se Ewige Plan vir Israel
☐ 60-Misleiding - Naam van die Heilige Gees.

Mosterdsaad Boekies-R4.00 elk

☐ 2-Geloof soos 'n Mosterdsaad
☐ 4-Paulus se doring in die Vlees
☐ M1-Waarom moet ek Weergebore Word?
☐ M2-Is Goddelike Genesing vir almal?
☐ M3 -Hoe kan ek my finansies verbeter?
☐ M4-Wat verwag God van die Huisgesin?
☐ M5-Kan woorde jou lewe regeer?
☐ M6-Wat sê Woord van God oor die doop
☐ M7-Hoe kan ek verlos word van vrees?
☐ M8-Krag in die doop in die Heilige Gees
☐ M9-Hoe moet ek bid?
☐ M10-Kan ek die duiwel se aanvalle oorwin?
☐ M11-Hoe kan ek my erfenis in besit neem?
☐ M12-Wat is die Verbond?
☐ M13-Wat is die New Age?
☐ M14-Hoe Groot is jou God?
☐ M15-Wie veroorsaak rampe en siektes
☐ M16-Wat is die gevare van Karate?
☐ M21-Mag 'n Christen Oordeel?
☐ M23-Genesing en die Okkult
☐ M26-Wat gaan met hierdie wêreld aan?
☐ M27-Die Drie-Enigheid van God
☐ M29-Wat is die ware Bybelse geloof?
☐ M33-Besluite
☐ M34-Van Edentuin tot by die Kruis
☐ M38-Laat God siekte toe?
☐ M39-Krag van God:Jesus Christus Gekruisig
☐ M40-Jesus was nie in die hel nie!
☐ M41-Hoe belangrik is die Ou en Nuwe Testament van vandag?
☐ M45-Paasfees en Kersfees
☐ M46-Die Naam van ons God
☐ M48-Die Egte en Misleide Christelike Kerk
☐ M49-Wat is die Islam Geloof?
☐ M51-Waarvandaan kom Die-lag-in-die-Gees?
☐ M54-Die Bybel en Siektes
☐ M55 -Vas en Gebed
☐ M64-Die Krag van Vergifnis

Bande deur Dr James-R10.00 elk

☐ A1-Die gesag van die gelowige
☐ A2-Ontdek God se Wil
☐ A3-Oorsprong van Christelike Kerke
☐ A9-God die Heilige Gees
☐ A14-Nagmaal en Genesing
☐ A17-Genesingsdiens by die Sentrum
☐ A21-Getuienis van Dr. van Zyl
☐ A23-Die Eenvoud van die Bybel
☐ A26-Struikelblokke (Nr 1 en 2)
☐ A27-Waarom is daar geen oorwinning nie
☐ A31-Die Antwoord vir ons Hoekoms en Waaroms
☐ A32-Die waarheid sal jou vrymaak

Boeke-ander skrywers

☐ 63-Die verbondsteologie in die regte perspektief (Dr Martin Gunther) R8.00

Bande –ander sprekers-R10.00

☐ D3 Die Doop 'n Bekeerde Dominee
☐D19 Genesingsgetuienis van 'n Mediese Egpaar
☐ D27 Rookskerms
☐ D31 Toronto Blessing – Waar of Vals
☐ D37 Toronto Beroering in die kerk – Pst Horak

BANK BESONDERHEDE
Stanger Christelike Sentrum
Eerste Nationale Bank
Rek No. 53730091667,
Takkode: 220129
Tak: Stanger
Faks no (032) 552 5411

If you would like to receive a free copy of Faith in the Word, or place an order, please complete the following and return to us by fax/post.

Name: ……...……..……Surname:… ……..……

Address: ……Code: ……..…..

☐ **NEWSLETTER** ☐ **CHEQUE** ☐**BANK DEPOSIT** ☐ **P/ORDER**

Total: R……

Indien u 'n gratis nuusbrief of 'n bestelling wil plaas, vul asseblief die strokie in met u volledige besonderhede en pos of faks dit aan ons.

Naam: ……...……..……Van: ……..……

Adres: ……..……Kode: ……..……

☐ **NUUSBRIEF**☐ **TJEK** ☐**BANK DEPOSITO** ☐ **POSWISSEL**

Totaal: R……